

# Hoërskool Oos-Moot

# 1956


ER, DINSDAG 1 MEI 1956

Gedeelte van die nuwe gebou van die Hoërskool Oos-Moot wat tans vinnig voltooiing



## GREPE UIT DIE GESKIEDENIS

Die skool heropen met 475 leerlinge en 21 personeellede.
Die bouery aan die nuwe skoolgebou in Haarhoffstraat, het so flunks gevorder dat die klaskamerdeel voltooi was en op 26 en 27 September betrek kon word.
Die skoolsaal was ook byna voltooi.

Die skoollied is op 25 September 1956 in gebruik geneem. Die woorde is geskrywe deur 'n personeellid mev H C Havenga en mnr S H Eyssen het die toonsetting gedoen.
Die sportterrein is gelyk gelê en die terrein met gras beplant.

‘n Uitnodiging gaan uit om die pas voltooide skoolgebou op 3 November vanaf 9 vm tot 10 nm te kom besigtig.

Op 3 November is ‘n geslaagde kermis by die skool gehou.



Skoolgebou in Haarhoffstraat

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE: SAALGERIEWEFONDS EN OPERASIE STOEL

Toe leerders hoor van die groot kermis wat beplan word om fondse in te samel vir die meubelering van die nuwe skoolsaal wou hul nie net saampraat nie maar saamdoen en het dadelik aan die werk gespring met klasverkopings en 'n mooi bedrag van £115 ingesamel.

Projek "Operasie Stoel" - leerlinge het wyd-en-syd geld gekollekteer vir die aankoop van stoele vir die saal.



OPERETTE

Daar is begin met die instudering van ‘n operette wat in 1957 gaan plaasvind.

KUNSWEDSTRYD

20 leerlinge het deelgeneem aan voordrag- en solosang-items en goed gevaar.
Martha Butler, St X, het die eerste plek verower in solosang, meisies onder 18.

KADETTE

Die kadetafdeling het onder die bekwame leiding van Lt. Chris Müller met rasse skrede vooruitgegaan.

KADETORKES.



JUKSKEI

21 Februarie: In die vier skool-jukskeispanne wat vir die hoofstad gekies is in die afdelings vir penkoppe en juniors, het ons sewe spelers uit die sestien opgelewer nl. Marie Geers, Anna Hietbrink, Rina du Plessis, Hetta Basson, Petrus Coetzer, Johannes Benade en Gert Niewenhuys wat Noord-Transvaal in die Penkop en Junior Penkopspanne verteenwoordig het.

RUGBY

1 Mei: Ons seuns speel met mening rugby en slaag daarin om vir Langenhoven Hoërskool te verras deur in vier van die wedstryde te wen terwyl die ander dertien spanne gelykop gespeel het.

ATLETIEK

Soos in die vorige jare is ons sport gekortwiek deur ‘n gebrek aan oefenfasiliteite.
Met die Interspan-atletiekbyeenkoms op 18 Februarie is daar op 20 vorige rekords verbeter en 1 geëwenaar.




Die spanne het soos volg presteer:
Burgers wen
Amptenare
Heemrade

Die Burgers en Heemrade spog nou met twee oorwinnings elk.
Tydens die Noord-Transvaalse Atletiekkampioenskappe op 14 Maart is Piet van der Merwe gekies om die Noord-Transvaalse skole in die 0-13 verspring te verteenwoordig en F Fourie as reserwe vir 80 tree meisies onder 14.

HOKKIE
Vir die eerste maal in die jeugdige geskiedenis van die skool is daar ‘n aanvang gemaak met die speel van hokkie.

GIMNASTIEK
Die sportsoort is hierdie jaar bygevoeg tot die skool se sportaktiwiteite.
Die besondere belangstelling onder leerders het dit moontlik gemaak dat die Oos-Moot Gimnastiekklub kon affilieer by die Transvaalse Skole Gimnastiekvereniging wat dit vir ons moontlik gemaak het om aan die jaarlikse gimnastiekkompetisies deel te neem.

KORFBAL
Slegs ‘n eerste span, drie juniorspanne en twee st. 6-spanne kon vir ligawedstryde ingeskryf word.

TENNIS
Die ledetal bestaan uit om en by 80 waarvan meeste beginners is.
Dit noodsaak dat ons drie bane moet byhuur.
Daar is deelgeneem aan verskeie kompetisies.

1e SPAN RUGBY, 1956.




ONS EERSTE HOKKIESPAN, 1956.



1e SPAN KORFBAL, 1956.






INTERESSANTHEDE

Die 1956 jaarblad is ‘n gedenkuitgawe, spesifiek om die nuwe skoolgebou te gedenk.
‘n Trofee vir atletiek is geskenk deur mnr T Frates (L.V)
Die bedrag vir ‘n vlagpaal, geskenk deur mnr T Frates (L.V) maak dit moontlik om twee vlagpale aan te koop.

--------------